Eynbos

Kleinmond

Natuurbewaringsvereniging
Nature Conservation Society

**No/Nr 169 November 2021**

Reg no / nr 005-622 NPO

Posbus / PO Box 2, Kleinmond 7195

# Raserige, besige suikerbekkies

Paul Coetzee

In die meeste tuine in ons kontrei is daar baie plante wat nektar afskei en suikerbekkies daarheen lok. Van die 21 suikerbekkiespesies wat in Suider-Afrika voorkom, is daar drie wat algemeen hier te siene is: die oranjeborssuikerbekkie (*Anthobaphes violacea*, orange-breasted sunbird), die kleinrooibandsuikerbekkie (*Cinnyris chalybea*, southern double-collared sunbird) en die jangroentjie (*Nectarinia famosa*, malachite sunbird).

Die oranjeborssuikerbekkie vermy dorpstuine en verwyl sy tyd op die laer berghange waar hy saam met die Kaapse suikervoëls (*Promerops cafer*) tussen die Botrivierproteas baljaar. Die kleinrooibandsuikerbekkie verkies weer die dorpstuine en kom glad nie in die berg voor nie. Die jangroentjie is ewe tuis in berg en tuin. Wie het nog nie die suikerbekkiemannetjies in hul skitterende groen ("iridescent") verekleed bewonder nie? Die wyfies van al die suikerbekkiespesies is maar valerig en dis moeilik om hulle volgens spesies uit te ken.

Kleurspeling ("iridescence") op die vere is 'n kenmerkende eienskap in die mannetjies van al die suikerbekkiespesies. Dit word veroorsaak deur weerkaatsing van lig, veral die blou, groen en pers kleure, deur die deurskynende keratienlae waaruit hul vere saamgestel is. Die rooi band van die kleinrooibandsuikerbekkie en die oranje band van die oranjeborssuikerbekkie is weer afkomstig van oranje karoteenpigment – soortgelyk aan die kleurstof in wortels. Kleurspeling ontwikkel geleidelik in 'n jong suikerbekkie en word eers voltooi nadat die voël volgroeid is. Die foto hiernaas wys die begin van groen kleurspeling op die vlerke van 'n jong jangroentjiemannetjie.



**Die oranjeborssuikerbekkie met sy flitsende blou, groen en oranje kleure. Foto: Paul Coetzee**




**Hierdie jangroentjie is nog besig om sy skittergroen kleur te ontwikkel.**




**Die kleinrooibandsuikerbekkie het duidelike bande van groen, blou en rooi.**

# Hiking trails
## repaired and upgraded

**It is difficult to imagine Kleinmond without its hiking trails. The fact that they are so well-maintained is due to the go-getters on the KNCS committee. The energy of these people have no end!**

After our very good winter the trail to Hanneshoek was badly damaged by storm water and Gerhard Booysen, the person in charge of the trails, made short work of organising repairs.

A contract was signed with Destin (who has rebuilt a number of our trails) and he and his team upgraded the last part of the trail to the top of Jean's Hill and the trail from Jean's Hill to the reservoirs in Middel River Kloof.

We may not have a cable car to the top of the hill, but we do have the next best thing: a well-built trail.

Then there was the trail to Hanneshoek. Gerhard decided that radical changes were necessary at the river crossing. A new trail was laid out and a new bridge built over Middle River, and we can now admire the water-loving plants growing in the river from right beside them.

Suikerbekkies is spesiaal aangepas om die nektar van trompetvormige blomme met hulle dun, gekromde snawels en lang, buisvormige tonge op te suig. In ruil vir die nektar verprei die suikerbekkie die stuifmeel wat aan sy vere en snawel vaskleef. Sodoende help hy dat sy voedselbron oorleef  al is dit waarskynlik onwetend.

Al drie hierdie suikerbekkiespesies bou kunstig geweefde balvormige nessies met 'n klein ronde opening, net groot genoeg vir die voëltjie om vlerkies gevou in en uit te beweeg. Suikerbekkies is monogaam en die belegging in 'n goeie nes kan sekerlik net bevorderlik wees vir die langdurige verhouding van 'n suksesvolle broeipaar!




**The upgraded trail to Jean's Hill.**




**The new bridge over Middle River, to Hanneshoek.**

# Herwinning sonder moeite
## Die herwinningsaanleg oopgestel

**Dit was altyd maklik om te herwin. Jy gooi net al jou herwinbare afval in die deursigtige plastieksak wat OM voorsien, sit dit saam met die swartsak uit, en siedaar: dit word vir jou na die herwinningsaanleg geneem waar dit uitgesoek en herwin word.**

Maar toe is die wonderlike aanleg by Hermanus in 2018 afgebrand, en herwinning is skielik nie maklik nie. Kleinmond se Eko-bediening het hulle bes gedoen, en allerhande planne uitgewerk, maar elke nuwe plan is telkens in die wiele gery.

Nou is daar weer lig in die tonnel. Die nuwe aanleg is uiteindelik klaar, 'n operateur is aangestel, en die deure is op 8 November oopgemaak. Kleinmonders kon weer vanaf 15 November hulle herwinningsakke uitsit.

Wat kan jy alles in jou herwinsak sit? Papier, karton, blikkies, glasbottels en plastiek. Glasbottels moet toegedraai word in koerantpapier om die werkers te beskerm. Alles in jou sak moet skoon en droog wees.

Jy kan jou eerste deursigtige sak by die munisipaliteits-kantore gaan haal (dis gratis). Daarna sal die munisipaliteit jou sak vervang elke keer as jy dit uitsit.

# Henriette Botha

## Sy het diep spore getrap in KNBV en in Kleinmond



Foto: Kobie Coetzee

**Henriette Botha het in 1990 hier kom woon, maar dit was beslis nie haar eerste kennismaking met ons dorp nie.**

Haar familie, die Lückhoffs, Albertyns en Strausse, was van die heel eerste huiseienaars op Kleinmond en sy het as kind al haar somervakansies hier deurgebring. Hier is ook haar liefde vir die natuur aangewakker en ontwikkel.

Henriette se pa, ds Lückhoff, was een van die stigterslede van die KNBV. Toe sy nou hier kom woon, het sy dadelik betrokke geraak en vir die afgelope 25 jaar 'n bydrae van onskatbare waarde vir die vereniging gelewer.

Sy het onder andere KNBV se jaarlikse uitstallings georganiseer en aangevul uit haar eie groot versameling minerale, skedels, skelette, skulpe en artifakte. Daar was selfs een jaar 'n lewensgetroue leeu.

Sy was die stigter van die belangegroep Skulpe en Mariene, en het wonderlike en vermaaklike uitstappies daarvoor gereël. Dit was hierdie groep wat spesiaal vir die kinders die gewilde krabbelkol by die jaarlikse KNBV-uitstalling gedoen het. Haar besonderse skulputstalling het intussen 'n tuiste gevind in die biblioteek.

Haar gereelde artikels vir Fynbos, waar sy veral haar wye en diep kennis van die see gedeel het, was altyd gewild en 'n besondere bron van interessante inligting.

Haar Gebeureboek, wat sy begin en eiehandig in stand gehou het, het alles wat met ons natuurlike omgewing te doen het, noukeurig opgeteken en bewaar.

Die mense wat Henriette geken het, onthou haar vir haar bruisende lewenslus, haar onuitblusbare nuuskierigheid oor die wêreld, haar liefde vir haar medemens, en haar onuitputlike kennis van omtrent alles onder die son, kennis wat sy onbaatsugtig gedeel het, sommer omdat dit vir haar lekker was.

---

# Kleinmonders maak skoon

## Strandskoonmaakdae werp goeie vrugte af



Foto: Carl Swart

**'n Plaaslike Facebookblad het in 2015 geweier om inligting oor die Internasionale Strandskoonmaak te plaas, want "dié saak raak ons nie".**

Gelukkig dink mense vandag anders oor besoedeling. Kleinmonders is deeglik bewus van die probleem en, soos ons dorp se mense nou maar is, gewillig om in te spring en iets te doen.

KNBV reël jaarliks twee skoonmaakgeleenthede om in te skakel by Vleilanddag in Februarie en by die Internasionale Strandskoonmaakdag in September. Dan word alle gemors wat opgetel word, aangeteken en die inligting gestuur aan Ocean Conservancy in die VSA wat die data versamel en verwerk. Hierdie organisasie se doel is om met behulp van vrywilligers die oseane te beskerm teen besoedeling en om wetenskaplike oplossings te vind vir gesonde oseane en see-lewe. Verlede jaar het meer as 220 000 vrywilligers wêreldwyd deelgeneem aan Internasionale Strandskoonmaakdag en is 2 371 ton rommel is opgetel.

Met vanjaar se strandskoonmaakdag is die hoofstrand en strandmeeromgewing, die hawegebied en Palmietstrand en -piekniekarea getakel. By die hoofstrand was

daar ongeveer 30 volwassenes en 15 kinders; by die hawe 12 volwassenes en 40 kinders en by Palmiet 10 volwassenes en 80 kinders. Die kinders by die hawe en Palmiet is almal deel van die Strandlopers Eko-Jeugklub.

Meer as 180 kg rommel is opgetel (6 250 items), waaronder lekkergoed- en skyfiesakkies, plastiek van alle kleure en geure, plastiek- en glasbottels, sigaretstompies, papier en verpakkingsmateriaal. Daar was vanjaar opmerklik meer koeldrankblikkies, visgerei en maskers. En daar was 'n ontstellende "groei" van 19% in die hoeveelheid rommel wat opgetel is.

Een ligpuntjie is dat plastiekstrooitjies nie meer opgetel word nie, omdat plaaslike sakeondernemings nie meer die strooitjies verskaf nie.

Wat mens laat dink!

Aan die einde van die dag het een van die kinders laat hoor: "Sjoe, dis darem lekker om weer gemors op te tel!" Kom kyk gerus volgende keer of sy reg is.




# The Great Southern Bioblitz
## a huge success

**First timers Overstrand region gained second place overall**

**You may remember that we reported on the Great Southern Bioblitz in the previous Fynbos.**

To recap: iNaturalist is an online social network of people sharing biodiversity information to help one another learn about nature. It's a crowd-sourced species identification system and an organism occurrence recording tool. iNat's Great Southern Bioblitz is an opportunity for all nature lovers to participate in photographing and recording the fauna and flora in their regions during the four days of the Blitz.

Different continents, countries and regions participate and compete against one another.

Last year more than 150 regions in Australia, Southern Africa and South America took part.

This year 6 cities, 8 regions, 1 province and 2 countries in Southern Africa took part, as well as 3 countries in central Africa. South America, Australia and New Zeeland also took part. All in all, more than 3 000 people participated and recorded 184 000 observations and 21 000 species.

Overstrand (the Overstrand municipal area from Rooi-els to Pearly Beach) participated for the first time and had a blast! The overall winners were, once again, Cape Town, with Overstrand in second place.

Cape Town's 320 participants recorded 21 600 observations and 2 600 species on iNat, while Overstrand's 176 participants recorded 14 300 observations and 1 900 species.

Overstrand's participation was rather haphazard, but the enthusiasm ran high, a quite a few people got hooked on iNat. And we were second! A feather in our cap, indeed.

The enthusiastic fynbos lovers, iNat aficionados, photographers and sundry other people are already discussing and planning next year's blitz. Make sure you join in the fun!

## Maps of our hiking trails

The KNCS committee has developed information boards showing a map of the hiking trails in and around Kleinmond and hope to erect the first three of these before the December holidays.

Two boards were sponsored by the children of Erna Gericke (1954.10.24 – 2020.03.22) and a third by Kleinmond SRA.

Be sure to look out for these boards at the beginning of our hiking trails in Fairy Glen, the end of Fourth Street and at the golf course.



# Kleinmond Satyriums

Leon Louw

**Largely due to the prowess of Louis Mostert, 13 genera and 72 species of the family *Orchidaceae* have been identified in Kleinmond and its surrounding mountains.**

They are all ground orchids as our environment does not lend itself to sustain epiphytic species. The genus *Disa* is the largest in our area, with 28 species. Second largest is the genus *Satyrium*, with 13 species.

The genus *Satyrium* was established in 1800 by the Swedish botanist Olof Swartz (1760-1818). The genus name is derived from the word satyr. In Greek mythology, satyrs were woodland demigods, half man and half goat, lustful companions of Bacchus. A satyr had a human face, goat legs  and goat horns. *Satyriums* always have two “horns” or spurs.

The plant grows from ovoid tubers, occasionally increasing vegetatively by underground runners. In some species, the foliage leaves are borne on a separate sterile shoot, the flowering stem having only sheathing leaves, while in others, the foliage leaves arise on the flowering stem. There may be either one or two basal leaves pressed to the ground, or several leaves arranged up the stem.

The inflorescence usually occurs as a dense or fairly dense raceme, several- to many-flowered, often with large bracts, usually reflexed at flowering time. Flowers are never very large but often extremely showy and white, green, yellow, orange, pink, or purple, with the lip, the most noticeable part of the flower, forming a hood.



**_Satyrium hallackii hallackii_ is an endangered species and is already extinct on the Peninsula. It flowers in summer and autumn after fire.**



**_Satyrium carneum_ is a tall, sturdy plant with bright pink flowers.**

While *Satyrium hallackii hallackii* is listed as Endangered, the other 12 species are listed as Least Concern, meaning that, if all goes well, there is little likelihood that they will become extinct in the near future.

Subpopulations of *S. hallackii* have already become extinct in Hout Bay, Zeekoevlei, Muizenberg and on the Cape Flats, and it is suspected that there has been a 50% habitat loss over the past 15 years. As far as we know, they are hanging on at three sites in the Western Cape, but relentless urban expansion and encroachment from invasive alien vegetation put their survival at great risk.




**_Satyrium stenopetalum_ or white candle satyrium is usually a lovely white, but here shows a light pink variation.**



**_Satyrium humile_ (shy satyrium) grows on stony slopes and flowers in spring, mostly after fire. It is often sweet-scented.**



**_Satyrium bicyllosum_ is a sturdy plant that grows singly or in small groups in damp, sandy soil.**




**_Satyrium odorum_ (scented satyrium) often grows in the middle of a patch of _Carpobrotus edulis_ (sour fig).**




**_Satyrium odorum_. Our coastal dassies love to snack on the flowers.**



**_Satyrium rhynchanthum_ (stickylip satyrium) prefers marshes and moist slopes and flowers in spring and summer, after fire. They grow up to 40 cm.**

---

## Uit die argief / From the archive

**40 jaar gelede: Voetpaadjies in Kleinmond**

In 1981 berig Fynbos nr. 12 dat "aansienlike vordering hierdie jaar gemaak is met voorbereiding van wandelpaaie; danksy die Munisipaliteit van Kleinmond d.m.v. sy Natuurbewaringsbeampte, mnr Langenhoven. Die uitbreiding van die Laura Wessels wandelpad verby die Preekstoel en ooswaarts terug tot aan die voet van die Polly Reed trappies is voltooi."

**30 years ago: Hiking trails in Kleinmond**

In 1991 Fynbos no 51 reported: "Our Society's executive has been involved in a meeting with the Kleinmond Municipality, chaired by the Mayor, Mr Pieter Wilmans. Also present were representatives from surrounding towns, Nature Conservation Department and regular walkers. These have resulted in recommendations from 2 sub-committees. The first is for a six day hiking trail, starting at Highlands Forestry area; proceeding to Kleinmond, Disa Kloof, Hangklip and Pringle Bay; and going back via Disa Kloof, Kleinmond and Bot River Vlei to Highlands. Details are being worked out.

"Apart from local hiking enthusiasts, the idea also came from the Chairman of the Roodepoort Hiking Club, whose members camped in Kleinmond last Christmas.

"Suggestions for local walks include shorter, clearly defined paths for the elderly, a walk over the back of Jean's hill up Middle Ridge to join the Highlands path and a contoured trail from Fairy Glen circular path to the plateau above to replace the existing steep flower picker's path."

This sub-committee was also responsible for the compilation of the well-received booklet *Where to walk in Kleinmond* a year later.

**Tania Delport en Willie Groenewald het in die afgelope ses maande by KNBV aangesluit. Baie welkom! Ons hoop julle lidmaatskap is vir julle 'n vreugde.**

**_Fynbos_ is die nuusbrief van die Kleinmond Natuurbewaringsvereniging**

Saamgestel deur die redaksionele komitee

Artikels, behalwe herdrukke uit ander bronne, mag sonder verlof herdruk of aangehaal word, mits die bron, *Fynbos*, erken word. Die menings van die artikelskrywers is nie noodwendig die opinie van KNBV nie.

**_Fynbos_ is the newsletter of the Kleinmond Nature Conservation Society**

Compiled by the Editorial Committee.

Articles, except reprints from other sources, may be reprinted or cited without permission provided the source, *Fynbos*, is acknowledged. The opinions of the authors are not necessarily those of KNCS.

Kontakbesonderhede:

Voorsitter: bothamaree@gmail.com

Sekretaresse: mareldejager@gmail.com

Redakteur: brinkthea@gmail.com

# Scarface die bobbejaan:
## Berug of beroemd?

Hierdie artikel is 'n verkorte weergawe van 'n artikel deur 'n bioloog.

**Scarface is Kleinmond se nuutste held of skurk, na gelang van waar jy staan.**

'n Plaaslike bobbejaantrop het algaande geleer dat hulle hoë-energie kos kan kry vir baie minder energie-uitsette as wanneer hulle in die veld moet kos soek. Dit was eenvoudig makliker om by mense te steel as om self te soek.

Die gevolg was, soos mens kan verwag, 'n probleem. Veral die groot mannetjie, Scarface, het al hoe astranter geword, geleer om deure van huise, vrieskaste, yskaste en koskaste oop te maak, en later ook vensters begin breek. Die res van die trop het gou by hom geleer.

Ons woon in 'n buffersone van 'n biosfeer. Die omgewing word dus bestuur om ons unieke plantegroei en dierelewe te beskerm en te bewaar. En ook om te sorg dat mense in hulle nedersettings en die diere van die omgewing in vrede naas mekaar bestaan.

Die bestuur van die gebied en die besluite wat geneem word, vind nie lukraak plaas nie. Besluite word gebaseer op wetenskaplike navorsing, ervaring, eksperimentering en bewyse. Baie van hierdie besluite is baie moeilik vir die besluitnemers. Daar is ook die probleem van beperkte fondse. Soms is daar eenvoudig nie 'n maklike antwoord nie.

A good example of this kind of dilemma is the case of the pride of seven lions in the Karoo National Park. After they had broken out twice in 24 hours and killed sheep on a nearby farm, they were all euthanised. There was an outcry. SANParks could surely have done more to contain the lions? What was not known was that those lions had escaped before and were starting to lose their fear of humans (in other words were realizing that people could be an easy lunch). SANParks had tried various measures to keep them in the park, to no avail, and had also tried unsuccessfully to find another home for them. The SANParks warden, scientists and rangers who had to make the decision and carry it out were convinced they had no alternative. They were not prepared to take the risk of the lions escaping again and eventually attacking people.

Ons leke is geneig om met ons emosies na die saak te kyk, en net die onmiddellike (soos een bobbejaan) raak te sien. Die kenners moet egter die moontlike effek van enige maatreël op mense sowel as diere in ag neem.

Scarface en sy trop het hul vrees vir mense verloor, en met al meer gerustheid mense se ruimtes binnegedring. Op die ou end was die potensiaal vir 'n ramp (vir beide bobbejaan en mens) net te groot.



www.publicdomainpictures.net

Daar is besluit om Scarface uit te sit op die mees humanitêre manier moontlik. 'n Veearts het hom ingespuit net soos met honde gedoen word.

Hieroor het gemoedere hoog geloop. Die besluitnemers (gerespekteerde wildbewaarders en wetenskaplikes) het gereken dat Scarface nie weer in die natuur gerehabiliteer sou kon word nie; dat die moontlikheid groot was dat hy beseer of geskiet sou word; en dat hy sy hele trop geleer het om van mensekos afhanklik te wees. Die waarskynlikheid dat mense (veral vroue en kinders) aangeval sou word, het by die dag groter geword. Voor- en nadele vir mense en diere is deeglik in ag geneem.

Was dit 'n moeilike besluit? Ja. Is realistiese alternatiewe in ag geneem? Ja. Was dit realisties en prakties gesproke moontlik om iets anders te doen? Ongelukkig nie.

Dit stof het intussen al 'n bietjie gaan lê.

Maar ons moet steeds die moeilike vrae vra.

Wat is ons houding teenoor die bobbejane? Wat het ons gedoen om wetenskaplik gefundeerde kennis oor hulle gedrag op te doen? Het ons dalk bygedra tot die probleem? Was my interaksie met die bobbejaan wat in my erf kom, op die lang duur goed vir die bobbejaan? Of het dit dalk gegaan oor die warm gevoel wat ek kry wanneer "my" bobbejaan so mak word dat hy by my kom kos soek? Kan ons volgende keer anders optree en miskien die volgende probleem voorkom of ten minste beheerbaar maak?

# Informatiewe borde
## langs kuspaadjies

### Fynbosskat ontsluit vir almal wat daar stap

**Peter Müller het in 1998 hier kom aftree en, soos dit maar hier op Kleinmond gaan, gou besiger as ooit geword.**

Hy het begin om die groot verskeidenheid fynbosplante te leer ken en af te neem, en spoedig besef dat kennis van ons wonderlike natuurskoon die liefde daarvoor en bewaring daarvan voorafgaan. Daar het die gedagte aan informatiewe borde langs die kuspaadjies ontstaan.

Peter het ’n lid van die KNBV-bestuur geword, en die vereniging het saam met die Vriende van die Kusreservaat ’n borgskap van die Roland en Leta Hill Trust ontvang. Verskeie plaaslike kundiges, kenners van Kirstenbosch en twee bekwame kunstenaars het gehelp met die beplanning en ontwerp, en Peter se eie navorsing het gesorg vir borde van hoë gehalte.



**Die heel laaste informatiewe bord word op die hoek van Eerste Straat en Kusweg geplant. Op die foto is Carl Swart, Carlo Böhmer, Peter Müller, Louis van Dyk, Horst Kassier, Gerrit van den Dool en Botha Maree.**

Hierdie borde is in 2003 aan die munisipaliteit oorgedra met die veronderstelling dat dit die beste instansie was om die borde goed in stand te hou. Ongelukkig het vandalisme en ’n gebrek aan onderhoud die borde in so ’n mate laat agteruitgaan dat die KNBV uiteindelik besef het hulle moes ingryp.

Peter Müller het andermaal sy tyd, kennis en kragte beskikbaar gestel. Sommige borde kon herstel word; ander moes vervang word. Peter en ’n KNBV-komiteelid het die nodige navorsing gedoen, kosteberamings aan die komitee voorgelê, en die werk kon begin. Gelukkig is die oorspronklike drukwerk wat 18 jaar gelede gedoen is, by die munisipaliteit opgespoor en kon weer gebruik word.

Die nuwe borde is so ontwerp en gebou dat hulle wind, weer en (hopelik) vandale kan weerstaan. Die feit dat die borde teen heelwat minder as die verwagte bedrag installeer kon word, is te danke aan Peter en die span, die helfte van wie KNBV-komiteelede was, se goeie navorsing en gewilligheid om al die werk vrywillig te doen. Die munisipaliteit het ook pale geskenk.

Ses-en-twintig borde kon herstel word; vyftien rame en pale moes oorgemaak word, en tien van die gedrukte plate moes oorgedoen word.

In Julie het Peter en KNBV/kapgroephelpers elf herstelde borde teruggeplaas langs die kuspaadjies, sover moontlik op plekke wat maklik sigbaar is van Kusweg af. Die laaste vier borde is in September staangemaak – voorwaar ’n heugelike gebeurtenis.

By dié geleentheid het KNBV-voorsitter Botha Maree gesê: “Mag die opgeknapte en die nuwe borde weer hul regmatige plek inneem om ons inwoners te herinner aan die groot verskeidenheid pragtige plante, voëls en ander diere wat in ons kusreservaat voorkom en om hulle aan die naweek- en vakansiegangers en buitelandse besoekers bekend te stel; soos wat die bedoeling 18 jaar gelede was toe hulle vir die eerste keer opgerig is.”

KNBV aanvaar nou verantwoordelikheid vir die borde en die instandhouding daarvan.